

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van Sy teenwoordigheid en vir die luister na Sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> HEBREËRS 11 - 13
----------	------------------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Hebreërs 11 - 13). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	<i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> HERHALING VAN BYBELVERSE UIT JOHANNES
----------	-------------------------	--

Herhaal twee- twee die laaste 5 Bybelverse wat jy uit die Johannes Evangelie uit jou kop geleer het.

(11) Johannes 11:25. "EK IS die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie."

(12) Johannes 12:32. "En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek."

(13) Johannes 13:34-35. "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

(14) Johannes 14:6. "EK IS die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My."

(15) Johannes 15:5. "EK IS die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."

4	BYBELSTUDIE (85 minute)	<i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 16:1-33
----------	-------------------------	---

Inleiding. Johannes 14 - 17 bestaan uit die gesprekke van Jesus Christus by die laaste paasmaaltyd en die instelling van die Nagmaal. In hoofstuk 15 word die dissipels onderrig in wat hulle moes doen. Maar in hoofstuk 16 verkondig Jesus Christus wat God vir die dissipels sou doen.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Johannes 16:1-33 saam bestudeer.	
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?	
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?	
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek.	
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.	
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

16:7-11

Ontdekking 1. Die werk van die Heilige Gees.

Vers 7. Jesus het vir sy dissipels gesê dat dit goed is dat Hy weggaan, omdat die Heilige Gees alleen dán kan kom. Die vertrek van (die menslike natuur/ die liggaam van) Jesus Christus van hierdie aarde af is geen tragedie nie, maar juis 'n triomf en 'n geweldige voordeel vir die Christene!

Toe Jesus Christus nog op aarde was, was Hy deur sy mensheid liggaamlik beperk tot een plek saam met sy dissipels. Na sy opstanding uit die dood, hemelvaart, troonsbestyging en uitstorting van die Heilige Gees leef Jesus Christus wêreldwyd in al sy dissipels!

Tydens die gebeure wat hier in Johannes 16 vertel word, moes Jesus Christus nog eers aan die kruis sterwe en uit die dood opstaan, ten einde die verlossing van mense te bewerk (verdien). Ná sy hemelvaart en uitstorting van die Heilige

Gees sou Hy die verdienste van sy verlossingswerk wat volbring is, deur die Heilige Gees toepas in die harte en lewens van gelowiges!

Vers 8. Jesus het gesê dat wanneer die Heilige Gees gekom het, Hy die wêreld sou oortuig:

- van hulle skuld t.o.v. die sonde omdat hulle nie in Jesus Christus glo nie
- van die geregtigheid van Christus wat verlore mense vanuit sy onsigbare teenwoordigheid in die hemel red
- en van die oordeel omdat mense ten spyte daarvan dat die vors van hierdie (bose) wêreld reeds veroordeel is, steeds in hulle ongeloof volhard.

Die oorspronklike woord vir 'oortuig' (Grieks: elenchó) in Johannes 16:8 het verskillende goeie betekenisse: Die Heilige Gees *bring sonde aan die lig*, oortuig van die waarheid, laat mense hulle skuld *beseft*, en *weerlê* alle argumente teen die waarheid.

(1) Die Heilige Gees bring die sonde van die wêreld aan die lig (vers 9).

Hy oortuig die wêreld van skuld. Hy bring die sonde van die wêreld aan die lig, d.w.s., Hy lê dit bloot, veral die feit dat die wêreld Jesus Christus verwerp en doodgemaak het. In teenstelling tot mense wat vandag die vraag oor die skuld wegskuif, wêk Hy in die gewete van mense 'n besef van hoe erg en haatlik die sonde werklik is. Nêr wanneer mense hulle skuld werklik beseft en erken, kan hulle hul bekeer en gered word.

(2) Die Heilige Gees oortuig die wêreld van die waarheid (vers 10).

Hy oortuig die wêreld van die geregtigheid, dat Jesus Christus reg is. 'Die wêreld' word hier verteenwoordig deur die Jode wat op die punt gestaan het om Jesus te kruisig en sodoende Hom as 'n *misdadiger, as 'n onregverdige mens* te bestempel (Johannes 18:30). Maar deur sy opstanding uit die dood, het Jesus na God die Vader gegaan. Sy opstanding uit die dood het bewys dat God Jesus Christus en die verlossingswerk wat Hy volbring het, aanvaar het, dus goedgekeur het en Hom as 'n regverdige bestempel (Handelinge 3:14-15). As God die wêreld oortuig dat Hy en sy Christus werklik 'die reg het', dan verdoem Hy tegelyk diegene wat tot die wêreld behoort dat hulle dit verkeerd het.

Hy oortuig die wêreld van geregtigheid, dat mense wat dit verkeerd het die volmaakte geregtigheid van Christus, wat Hy deur sy dood en opstanding verwerp het, nodig het. En Hy oortuig hulle dat hulle daardie geregtigheid alleen kan verkry deur geloof in die verlossingswerk van Christus aan die kruis.

(3) Die Heilige Gees laat die wêreld hul skuld beseft (vers 11).

Hy oortuig die wêreld van God se regverdige oordeel. Hy oortuig elkeen dat die oordeel van God regtig bestaan, dat dit billik en 'n baie ernstige saak is. Dit sluit ook die oordeel oor die sonde, sondaars en diegene wat die sonde bevorder (soos die vors van die wêreld) in. Jesus het na die aarde toe gekom om die werk van die satan te vernietig (1 Johannes 3:8)! Deur sy verhoging aan die kruis, verhoging met die opstanding uit die dood, verhoging met sy hemelvaart en verhoging met sy troonsbestyging in die hemel het Jesus Christus die vors van hierdie wêreld uitgegooi (Johannes 12:31). Die Satan is vir ewig veroordeel (voltooid teenwoordige tyd)!

Gedurende die Ou-Testamentiese periode het die satan en sy leër van demone nog baie mag oor die volke in die wêreld gehad (Daniël 10:13,20-21).

By die eerste koms van Christus en spesifiek aan die kruis is die bose wêreld en die satan veroordeel! Die eerste koms van Jesus Christus het uitgeloop op die veroordeling van die bose wêreld wat Jesus Christus weerstaan, verwerp, verraai, en in regsake veroordeel het. Dit het gelei tot die verdrywing van die satan as die vors van hierdie wêreld (vergelyk Johannes 12:31; Openbaring 12:5-9)! Die dood, opstanding en soewereine heerskappy van Christus oor die hemel en die aarde maak 'n einde aan die posisie, mag en wurggreep wat die satan voorheen op die volke van die wêreld gehad het (Efesiërs 1:20-21; 1 Petrus 3:22). Die feit dat die satan uit sy magsposisie en beheersing van die bose wêreld verdryf is, beteken dat miljoene mense uit alle volke in die wêreld, tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms na Jesus Christus getrek word (Johannes 12:32)! Die satan kan nie langer die verkondiging van die evangelie aan alle volke van die wêreld keer nie. Hy kan nie meer langer verhinder dat ontelbare mense uit elke volk en taal in die wêreld deur Jesus Christus uit die domein van die Satan verlos word (1 Johannes 5:18-19) en oorgebring word in die Koninkryk van Jesus Christus (Kolossense 1:13; Openbaring 20:1-3).

By die wederkoms sal die veroordeling van die satan daadwerklik aan die heelal geopenbaar word wanneer die satan in die hel gegooi word (Matteus 25:41; Openbaring 20:10). 'n Mens wat dus na die satan luister en weier om hom tot Jesus Christus te bekeer, sal saam met die satan verdoem word.

16:12-15

Ontdekking 2. Die werk van die Heilige Gees.

(1) Die openbaring van die waarheid was nog nie in die begin van die eerste eeu voltooi nie (vers 12). In vers 12 sê Jesus: "Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie." Jesus Christus het toe, enersyds vanweë hulle ongeloof en andersyds omdat sekere belangrike gebeurtenisse nog moes plaasvind, nog nie sy openbaring aan sy dissipels voltooi nie. Die dissipels sou nog eers van Hom af wegvlug en Hom verloën. En Jesus Christus sou nog eers verhoor, gekruisig en begrawe word. Daarna sou Hy nog eers uit die dood opstaan, opvaar na die hemel en gaan sit aan die regterhand van God die Vader. Eers daarna sou Hy die Heilige Gees uitstort. Die openbaring van Jesus Christus was dus toe nog nie voltooi nie!

(2) Die openbaring sou voltooi word deur die Gees van Christus (vers 13).

In vers 13 sê Jesus: “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.” Die Heilige Gees sou hulle nie forseer of verjaag nie, maar soos ’n gids lei. Hy sou met die hele waarheid kom, en nie maar net met ’n deel van die waarheid besig wees nie. In die toekoms sou daar geen profete¹ meer kom nie om die waarheid aan te vul nie of aan die openbaring van die Bybel toe te voeg nie!

Sekere mense beklemtoon vandag net sekere populêre waarhede of halwe waarhede. Maar die Heilige Gees beklemtoon nie een waarheid ten koste van ’n ander waarheid nie. Die apostel kon sê: “Ek het nie nagelaat om die heilsplan van God in sy volle omvang aan julle te verkondig nie” (Handelinge 20:27)!

(3) Die openbaring van die waarheid is voltooi deur die skryf van die Nuwe Testament (vers 13-15).

Hierdie profesie van Jesus Christus het in vervulling gegaan. Die koms van die Heilige Gees word in die boek Handelinge vertel. Die openbaring van die hele waarheid het in vervulling gegaan met die skryf van die vier Evangelies en in besonder met die skryf van die briewe van die apostels in die Nuwe Testament (vergelyk 2 Petrus 3:1-2, 15-16). En die openbaring van die toekomstige dinge het in vervulling gegaan in die Boek Openbaring (vergelyk Openbaring 1:1).

Wanneer die Heilige Gees vandag Christene lei, sal Hy nooit dinge sê wat in stryd is met die Bybel nie! “Die swaard van die Gees” is altyd die woorde van die Bybel wanneer dit onderrig of verkondig word (Efesiërs 6:17), natuurlik ook wanneer dit korrek uitgelê word (2 Timoteüs 2:15; 3:16)!

(4) Die Heilige Gees verheerlik Jesus Christus.

Die Heilige Gees vestig nooit die aandag op Homself nie. Hy inspireer Christene altyd om Jesus Christus te verkondig! Hy pas die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het, toe in die lewens van Christene. Die tema van sy onderrig is altyd wat Jesus Christus in die verlede gesê en gedoen het, wat Jesus Christus nou sê en doen en wat Jesus Christus in die toekoms sal sê en doen. Ek ervaar ook hoe die Heilige Gees die Bybel aan my uitlê terwyl ek die Bybel lees en Hy maak dat ek Jesus Christus steeds meer liefhet.

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 16:1 - 33 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

Vraag 1. Wat is die verhouding tussen Johannes 14, 15 en 16?

Aantekeninge. In Johannes 14 lê die klem op ‘*vertrouing*’ (*bemoediging*). In Johannes 15 lê die klem op ‘*vermaning*’ (*aansporing en waarskuwing*). En in hoofstuk 16 lê die klem op ‘*voorspelling*’ (*profesie*). Jesus het voorspel dat die Jode sy dissipels sou vervolg (Johannes 16:2-4). Hy het voorspel dat Hy hulle (in sy menslike natuur en liggaam) sou verlaat (Johannes 16:7,16,28). Hy het voorspel dat die Heilige Gees sou kom en groot invloed op die sondige wêreld sou hê (Johannes 16:8-11), maar die dissipels van Christus in die hele waarheid sou lei (Johannes 16:13-15). Hy het voorspel dat die dissipels vir ’n kort tydjie sou huil en weeklaag, maar dat hul droefheid gou in blydskap sou verander (Johannes 16:17-23). En Hy het voorspel dat die dissipels nog dieselfde aand verstrooi sou word (Johannes 16:31-32).

Die voorspellings in hoofstuk 16 is om te voorkom dat die dissipels, te midde van teenstand en vervolging, deur droefheid en teleurstelling oorweldig sou word. Die dissipels sou kon begin twyfel of Hy alle mag in die hemel en op die aarde het. Sulke teleurstellings en vrae sou hulle geloof ondermyn.

Die dissipels moenie dink dat wanneer verdrukkings en vervolgings oor hulle kom, iets vreemds met hulle gebeur nie (1 Petrus 4:12). Jesus Christus was besig om sy dissipels voor te berei vir die periode van die Heilige Gees in die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament is die periode tussen de eerste koms van Christus en sy wederkoms. Dit sou bestaan uit verdrukking en vervolging van Christene, maar ook uit groot invloed in die sondige wêreld deurdat mense oortuig sou word van sondes, geregtigheid en oordeel. Die Nuwe-Testamentiese periode sal eindig wanneer die volkome triomf van Jesus Christus oor die bose, wat reeds by sy eerste koms behaal is, heeltemal sigbaar word by sy wederkoms. “In die

¹ Profete soos Elymas in die Bybel (Handelinge 13:6-8), Mohammed in die Islam en Joseph Smith in die Mormone sou die waarheid nie aanvul nie! Mense wat beweer dat die Parakleet (die Trooster) in die Bybel (Johannes 14:16-17) na Mohammed verwys, is heeltemal verkeerd! Want die Parakleet in die Bybel verwys heel duidelik na **die Heilige Gees wat van Jesus Christus getuig** (Johannes 15:26) **en Jesus Christus verheerlik** (Johannes 15:13-15). Selfs Mohammed het 700 jaar later pas gesê dat Jesus (Isa) is “die Woord van Allah” en “die Gees van Allah” (Sura 4:171); vergelyk **Jesus is die Woord van God**” (Johannes 1:1) en “**Jesus is die Gees van God**” (Johannes 14:18; Romeinen 8:9-10)!

wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin (en die wêreld bly vir ewig verslaan) (Grieks: nenikéka) (voltooid teenwoordige tyd) (Johannes 16:33)!

16:16-22

Vraag 2. Wat beteken 'die klein rukkie' waarin Jesus van sy dissipels verwyder sou wees en hulle sal huil en weeklaag?

Aantekeninge. Wanneer was Jesus Christus afwesig van sy volgelinge? Die dissipels vra hulle af wat Jesus met die woorde bedoel het:

- “want Ek gaan na die Vader toe en julle sal My nie meer sien nie” (Johannes 16:10)
- “Nog ’n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer ’n lein rukkie, dan sal julle My weer sien” (Johannes 16:16)
- “Ek gaan na die Vader toe” (Johannes 16:17)
- “Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydschap verander” (Johannes 16:20).

Jesus Christus Self kondig aan dat sy verwerping deur die bose wêreld (regerings en mense) op hande was. Eers sou sy eie dissipels Hom gedurende drie dae (van Vrydag vóór sonsondergang tot Sondagoggend vroeg) nie met hulle fisiese oë sien nie. Hy sou dan in die graf wees.

Na sy opstanding uit de dood het hulle Hom veertig dae *met hul fisiese oë gesien* (Handelinge 1:3). Daarna sou hulle om vir tien dae, tussen sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees ook nie *met hulle fisiese oë sien nie*. Maar Jesus Christus het beloof, “Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek (Jesus Christus) kom weer na julle toe. (Johannes 14:18). En na sy hemelvaart by die uitstorting van die Heilige Gees tydens die Pinksterfees sou hulle Hom weer *met hul geestelike oë sien*, want “Hy sou “al die dae tot die voleinding van die wêreld by hulle wees” (Matteus 28:20).

Daar is Christene wat dink dat daar gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode gevas moet word. Jesus het gesê, “Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie. Maar daar sal ’n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem sal word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas” (Markus 2:19-20; Matteus 9:15-17). Alleen gedurende die tyd wat Jesus Christus nie by sy dissipels sou wees, sou hulle huil en weeklaag en vas. Maar na sy opstanding uit die dood en veral na die uitstorting van die Heilige Gees is Jesus Christus altyd by hulle. Die strekking van die Nuwe Testament is nie treur en vas nie, maar blydschap en die opstanding vier!

Sagaria 8:19 het al in 420 jaar v.C. geprofeteer, “(Letterlik:) Die vasdae in die vierde of die vyfde die sewende of die tiende maand, sal vir Juda ’n dag van vrolikheid word, ’n dag van vreugde. Dié dae sal feestelike byeenkomste word” (dink aan die Paasfees, hemelvaart en die Pinksterdag)! Dus, “die klein rukkie” is ’n verwysing na die periode tussen sy dood en die uitstorting van die Heilige Gees (en nie na die hele Nuwe-Testamentiese periode tot sy wederkoms nie! Na sy opstanding uit die dood en die uitstorting van die Heilige Gees (wat die Gees van Jesus Christus is) (1 Petrus 1:11) kan niemand of niks hulle blydschap meer wegneem nie (Handelinge 13:52; Galasiërs 5:22)!

16:23-24

Vraag 3. Wat beteken dit om te bid in die Naam van Jesus Christus?

Aantekeninge. Bid in die Naam van Jesus Christus het twee aspekte:

(1) Om te bid in die Naam van Jesus Christus is om te bid op grond van die verdienste van Christus.

- God gee ook op grond van die verdienste van Jesus Christus.

’n Meer akkurate vertaling van Johannes 16:23 sê: “Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. Dít verseker Ek julle: Wat julle ook al die Vader sal vra, sal Hy aan julle in My Naam gee.” Jesus Christus beloof eers dat God aan Christene sal gee in harmonie met sy hele verlossingsplan wat rondom Jesus Christus sentreer! God die Vader gee vergewing van sondes en antwoorde op gebede op basis van sy liefde vir Jesus Christus en op basis van die soenoffer vir sonde wat Jesus Christus gebring het.

Jesus Christus is die Middelaar tussen God en mense deur sy volbragte verlossingswerk aan die kruis. As Middelaar het Jesus Christus die weg van God na mense geopen. Daar is geen ander Middelaar tussen God en mense nie (1 Timoteüs 2:5)! In die ander godsdienste het God geen oop weg na mense toe nie. In ander godsdienste word die sonde nie versoen nie en die skeiding met God nie opgehef nie (vergelyk Jesaja 59:1-2)! God luister nie na die gebede van sondaars wat nie vergewe is nie (Psalm 66:18, Spreuke 1:23-33, Jesaja 1:15; 59:1-2)! Hul sondes bly skeiding maak tussen die God van die Bybel en mense. As Jesus Christus nie vir die sonde gesterf het nie, sou God se volmaakte heiligheid en geregtigheid verhinder het dat Hy onheilige en onregverdige mense mag en sou vergewe en na hulle gebede sou luister².

² God kan wel hulle gebede hoor, maar verhoor dit nie tensy hulle hul tot Jesus Christus bekeer!

- Christene vra op grond van die verdienste van Jesus Christus.

Johannes 16:24 sê: “Tot nou toe het julle nog nie in My Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.” Hoe het die dissipels gebid voordat hulle Christene geword het? Al die dissipels het behoort aan God se Ou-Testamentiese volk, Israel. As hulle gebid het, het hulle hul direk tot God gerig. Hulle het net die Naam ‘HERE’ gebruik, byvoorbeeld in Psalm 17 begin Dawid sy gebed met die woorde: “Luister tog, HERE, na my regverdige saak, let op my hulpgeroep. Hoor tog die gebed wat ek in alle opregtheid bid.” God se Ou-Testamentiese volk het God net ‘HERE’ of ‘God’ genoem. Hulle het ook nie hul gebed afgesluit in die Naam van Jesus Christus nie. Hulle het wel uitgesien na die Messias in Wie die HERE alle volke op die aarde sou seën (Genesis 22:18).

Nou het die Messias gekom. Hy het op die punt gestaan om gekruisig te word om versoening vir sondes te doen. Sy dood en opstanding sou die weg wees waarlangs Hy alle volke op die aarde sou seën. As Middelaar het Jesus Christus ook die weg van die mens na God geopen. As Jesus Christus nie vir die sonde gesterf het nie, sou onheilige en onregverdige mense nooit in God se heilige en regverdige teenwoordigheid mag en kan kom nie (Jesaja 59:1-2; 1 Timoteüs 6:16)! Maar volgens Efesiërs 2:18 en 3:12 het Christene nou toegang tot God die Vader om met vrymoedigheid en vertroue tot Hom te kom. Hebreërs 4:16 sê, “Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gehelp (ANV: gered) kan word.”

(2) Om te bid in die Naam van Jesus Christus is om te bid in ooreenstemming met sy wil.

1 Johannes 5:14 sê: “En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.”

- As Middelaar het Jesus Christus die wese (die natuur en karakter) van God geopenbaar.

Waarom is dit belangrik vir gebed om kennis van die karakter en die wil van God te hê? As Middelaar het Jesus Christus die essensiële wese (die natuur/aard en karakter) van God aan mense geopenbaar. Sommige mense glo in afgode. Die essensiële wese van afgode is dat hulle deur mense gemaak is en dooie materie is. Hulle kan nie na gebede luister of hulle verhoor nie. Hulle kan mense geen goed (of kwaad) aandoen nie (Jeremia 10:5). Ander mense glo in gode wat wispelturig en onvoorspelbaar is³. Niemand weet hoe om tot sulke gode gebid sou moet word nie. Maar die Lewende God van die Bybel het sy karakter aan mense geopenbaar. Omdat God byvoorbeeld heilig is, kan mense nie vir onheilige dinge bid nie. Omdat God barmhartig is, kan mense om vergifnis bid. Omdat God getrou is, kan mense om hulp vra. Daarom, hoe beter jy God se karakter ken, hoe beter en opregter kan jy bid!

- As Middelaar het Jesus Christus ook die wil van God geopenbaar.

Om te bid in die Naam van Jesus Christus is om in ooreenstemming met sy wil te bid. Bid vrymoedig in ooreenstemming met sy geopenbaarde wil in die Bybel. En bid in afhanklike vertroue vir dinge wat onder sy verborge wil val. As Jesus Christus werklik jou Here en Meester is, dan sal jy nooit bid vir dinge wat teen sy wil is nie, want dit sou Hom nie tevrede stel nie.

Dus, bid in die Naam van Jesus Christus en met vrymoedigheid en vertroue in ooreenstemming met sy geopenbaarde wil en bid vir dinge wat die Koningskap en die heerlijkheid van God bevorder.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 16:1-33.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes hoofstuk 16:1-33.

16:8-10. Telkens as jy die evangelie verkondig, wees dan oortuig dat die Heilige Gees die sondes van mense aan die lig sal bring, hulle sal oortuig van die waarhede in die Bybel, van die geregtigheid van Christus vir mense wat glo en van die oordeel van God oor mense wat ongelowig bly.

16:12-15. Na sy opstanding, hemelvaart, troonsbestyging en uitstorting van die Heilige Gees, het Jesus Christus nog meer waarhede aan sy apostels geopenbaar. Hierdie openbarings is almal opgeteken en het die Nuwe Testament voltooi.

³ Sura 74:34 sê “So laat Allah mense dwaal wie Hy wil en lei Hy op die regte pad wie Hy wil.”

- 16:13. Die Heilige Gees lei Christene nog steeds in die hele waarheid vandag, maar nooit in sogenaamde waarhede wat in stryd is met die openbarings wat al in die Bybel opgeteken staan nie! Hy openbaar ook geen nuwe waarhede wat Christene aan die Bybel sou moet toevoeg nie!
- 16:19-22. Jy mag met blydskap en feesviering lewe in plaas van met weeklaag en vas, omdat Jesus Christus uit die dood opgestaan het en elke dag by ons is.
- 16:24. Jy mag met oortuiging bid, omdat Jesus Christus die Middelaar tussen God en jou en die Middelaar tussen jou en God is.
- 16:33. Moenie vergeet dat in hierdie bese wêreld jy verdrukking sal ondergaan nie. Maar vergeet ook nie dat Jesus Christus alreeds hierdie bese wêreld oorwin het en dat hierdie bese wêreld (alhoewel dit nog aan die bese onderhewig is) aan die almag van Christus onderworpe is nie. Daarom kan Christene ook die groter werke in hierdie wêreld doen deur die mag en belofte van Christus (Johannes 14:12).

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes hoofstuk 16:1-33.

Ek is bly om te weet dat vervolging en lyding nie noodwendig beteken dat ek iets verkeerd teenoor God gedoen het en daarvoor gestraf word nie. Jesus Christus het voorspel dat dit sou gebeur. Ek moet dus niet verbaas wees as mense in die bese wêreld my haat en vervolg nie. Ek sien wel uit na die wederkoms van Christus en die vernuwing van hierdie aarde, want dan sal die triomf oor alle bese mense 'n werklikheid vir alle ewigheid geword het!

Ek is oortuig dat die Boek Handelingte die koms van die Heilige Gees en sy groot invloed beskryf presies soos wat dit in die Ou Testament voorspel is. Ek glo dat die Heilige Gees die dissipels van Jesus in die volle waarheid gelei het, sodat hulle in staat was om die lewe en onderrig van Jesus Christus in die vier Evangelies vas te lê en ook die betekenis van die verlossingswerk van Christus in die Briewe van die Nuwe Testament vas te lê. Ek glo dat die Heilige Gees aan die dissipels geopenbaar het wat daar in die toekoms gaan gebeur en dat hulle dit in die Briewe in die Nuwe Testament en veral in die Boek Openbaring vasgelê het.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 16:1-33.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 16 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Jakobus 1 - 3. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: (1) Lief hê deur te spaar. 2 Korintiërs 12:14b-15a. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.